Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #33 1 November 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: U is die Christus van God!

Sing: Sb 1-1:1,3,7
Sing: Lied 241:1,2 (Kinderbegeleiding)
Skriflesing: Lukas 9:7-9, 18-27 **Teks:** Lukas 9:20
(Preekbegeleiding)
Sing: Ps 119-2:1,3
Belydenisaflegging
Sing: Ps 134-2:1,2
Sing: Sb 5-3:1,2
Amen: Sb 13-1

11:30 International Service

Rev Willem Steyn

Theme: The undevided faithfulness of the Lord
Scripture reading: Isaiah 36,37 **Key verse:**

18:00 Aanddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Jy sal leef deur die onverdeelde trou van die Here

Sing: Ps 130-1:1,3,4 Sing: Ps 91-2:1,3 Sing: Ps 43-1:3
Skriflesing: Jesaja 36:1-37:38 **Teks:** Jesaja 37: 14,20,32
Sing: Ps 118-2: 1,2,5,8
Lied 200: 1,2
Ps 147-2: 1,3
Amen: Sb 13-2

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Jan du Plessis & Paul Els	Diaken: Germari Kruger

Verjaarsdae

Vandag, 1 November
Bertie Werkman 083-233-4941

Maandag, 2 November
Nico van der Merwe (Jnr) 082-511-0765
Magda van der Walt 084-548-4522
Erasmus Venter 072-154-9410

Dinsdag, 3 November
Imke de Kock (17) 079-496-1169
Jan de Kock 082-888-2003
Elmari Fouché 082-532-3118
Koos Schoeman 082-433-8222
Albert van der Merwe 018-297-3669
Adelheid van Vuuren 082-083-2454

Woensdag, 4 November
Ans Geertsema 073-192-8976
Sielie Laubscher 018-293-1230
Akudzwe Mushayabasa (1) 076-860-0669
JC Potgieter 079-525-2507

Donderdag, 5 November
Viljoen Pretorius (2) 083-507-7782

Vrydag, 6 November
Chereé Nieuwoudt 078-228-8648
Mariona Swanepoel (20) 073-323-3478

Saterdag, 7 November
Casper Aucamp (20) 060-508-6013
Willem Dupper 071-419-4692
Cecil Rutherford 082-867-6456

Gemeente Bult 4 jaar oud

Ons is dankbaar teenoor die Here dat ons gemeente ons vierde verjaarsdag kan vier. Op 31 Oktober 2011 het die nuwe gemeente ontstaan nadat die Gereformeerde kerke Noord en Noordbrug ontbind is. Die Bult gemeente het ontstaan vanuit 'n strek roeping om hier op die Bult, as die stukkie aarde van die Here wat aan ons toevertrou is, kerk te wees. Ons het 'n mooi groei in lidmaattal beleef en soos 'n klein kindjie begin om ons eerste tree te gee in die vervulling van die roeping. Ons bid dat die Here ons meer bewus sal maak van sy roeping en ons in staat sal stel om vir Hom sout en lig te wees – IN, OP en OOR die Bult

Kleuterbegeleiding

Ons is op soek na een of twee mense wat volgende jaar sal wil help om Kleuterbegeleiding aan te bied. Dit sal omtrent een keer elke 6 weke wees wat dit jou beurt is om aan te bied. Laat weet asb vir Marida 060-977-1134.

Belydenisafflegging

Ons is saam met die volgende jongmense en hulle ouers dankbaar dat hulle vanoggend hulle geloof hier in ons midde kom bely. Imke de Kock, Wilbert Viljoen, Anmari van der Merwe, Herman de Jong, Christoff Muller, Theo Jooste en Marlize le Roux.
Mag die Here julle genade gee om volgens hierdie voorneme van julle te bly lewe. Sy getrouheid is vandag weer vir ons almal sigbaar.

Meelewing

Mari Mostert (083-273-5587) is steeds in die Zuid-Afrikaanse Hospitaal in Pretoria waar sy aansterk na haar operasie. Ons bid vir haar

Oom **Pierre Muller** (082-534-3411) is steeds in die hospitaal waar hy vir hartversaking behandel word. Ons dink aan hom en aan tannie Tokkie

Charles Reinecke (083-458-0384) moet vir 'n rugoperasie gaan. Ons dink aan hom en Elsa en bid dat die operasie goed sal afloop.

Andries Campher (083-949-3770) het in die week 'n breuk-operasie ondergaan. Ons bid dat hy spoedig sal herstel.

Liefdegawes

by die deure

1 November
Oggend: Thusofonds
Aand: Meelewingsfonds
8 November
Oggend: Franse Radiobediening
Aand: Meelewingsfonds
15 November
Oggend: Emeritaatsversorging
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Teeskinkbeurte

<u>1 November</u>
Wyk 9 (Miquet van Tonder - 0833896613)
KG 9 (Elsa Els - 0824600939)

<u>8 November</u>
Wyk 10 (Cora de Beer - 0823928060)
KG 10 (Petro Steyn - 0765784855)

<u>15 November</u>
Wyk 11 (Mariëtta Fourie - 0833204681)
KG 11 (Annemarie Schoeman - 0834545412)

Baie dankie!

Het jy geweet dat die preke opgeneem word? Dit beteken dat jy daardie gunsteling preek op 'n CD by die kerkkantoor kan aanvra, en oor en oor kan luister. Die preke word ook as mp3's op die webblad gelaai waar dit afgelaai kan word.

Begrotingsversoeke

Die Finansiële Kommissie versoek dat indien daar enige spesifieke behoeftes is waarvoor begroot moet word vir 2016/17 wat nie deur die Bedieningskommissie of die Kerkraad gekanaliseer word nie, dit **nie later nie as 8 November 2015** by die kerkkantoor ingedien moet word. Dit sal ons genoeg tyd gee om dit sorgvuldig te oorweeg en te beplan vir ons begroting in 2016/17. Skakel gerus met Lou van Wyk of Paul Delicado vir verdere inligting.

Welkom hier!

Yun Dong Hun
076-263-6700

Helé Heyns
073-062-0524

Nuette Heyns
083-288-0757

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

In hierdie na-tyd van my lewe vra baie mense vir my hoe dit gaan. Graag deel ek van my gedagtes met u. Wat 'n Genadevoorreg vir geloof as geskenk, 'n Hemelse Vader wat nooit sluimer of slaap nie, wat my omvou met goedheid, liefde en genade onbegrens. Die gedig hier langsaan is in hierdie tyd vir my baie kosbaar. Ek deel dit graag met julle.

Daar is egter steeds die dag tot dag lewe sonder Jos. Een ding staan egter voorop. Onbeperkte bystand wat ek ervaar van die kinders en kleinkinders. Elkeen van hulle is op 'n unieke manier besig om my met liefde en sorg te omarm.

Stefan op 'n stil onderskragende manier met baie empatie. Elke aand 'n oproep! Ek dink aan ma, is ma nog reg? Rein – nugter en prakties op die man af! Sorg dat al Jos se nagraadse studente rustig voort kan werk en die boedel sake vlot verloop.

Dan is daar Tina. Ongelooflik wat hierdie besondere dogter vir my beteken. Sy deel haar lewe, haar liefde, Annalia en Hestie en haar kos oorvloediglik met my.

So ek kan net sê: "Prys die Here."

Tina Coetzee

Drieluik
(Sheila Cussons – Membraan)

Wat ek die meeste in U aanbid
Is hoe U is.
Kyk, ek wou noem en toe noem ek alles.
U gee so vry, U vra so min, U pas
Gemeet aan myne.
Hoe hoër ek klim hoe groener die velde,
Soeter die strome, hoe meer U knel.
U buig my reg, U ruk my in lit in
En ek byt op die pyn.
Ek moet net ja! Sê en U verras my
Hoe meer ek niks daarop verwag nie –
Daar is geen ding in dingigheid
Waarmee ek U kan vergelyk nie.
U breek my kundig en hoe meer ek toegee
Hoe meer sien ek, laat U my sien –
Die hele verskil tussen pyn en vervoering
Dit, en dit U.
Want nooit is U hard of ek wil dit gou,
En dan, my God, hoe oorvloediglik troos U!

GK Cachet Eerstejaarskamp

Voor die aangesig van God
Datum: 4-8 Januarie 2016 Koste: R750
Waar: Nooitgedacht Kampterrein
Skryf in by: http://gkcachet.org.za
Navrae: Hendrik Verryn: 061 334 1519
Anri van Aardt: 082 838 4437

Frankfort Riviertoer

Datum: 2-6 Desember 2015
Waar: Zorgvliet (Tweeling distrik)
Wie: Alle Hoërskoolleerders
Hoeveel: R750 per kind
Tema: Dissipelskap (Wie, Waar, Waarom?)
Inskrywing: Beskikbaar op Riviertoer Facebook: https://www.facebook.com/riviertoer.frankfort

Reseptеboek

Baie dankie aan elkeen se kreatiewe bydra in die help uitdink vir 'n naam vir die gemeente-resepteboek!

Jou kans om 'n resepteboek te bestel is egter nog nie verby nie: skryf gerus jou naam op die bestelvorm wat by die kerkdeure beskikbaar sal wees.

Die prys beloop tussen R70-R100, ons wil dit so bekostigbaar as moontlik maak- indien daar enige vrae rondom die resepteboek is, is 'n oproep baie welkom!

Mercia Venter 083 468 2075
Eunice Stoltz 083 595 8981

Dankie vir jou deelname!

Baie dankie Susters!

Die Ikalafeng Spesiale Skool wil u hartlik bedank vir die donasie van breekware vir ons skool, dit word opreg waardeer. Die breekware sal baie handig gebruik word. Ons matriekafskeid is op hande en die breekware gaan dan sommer ingewy word.
Groete, Mnr PL Manyakoe (Skoolhoof)

Wil jy die Lantern elektronies ontvang?
Stuur 'n e-pos aan gkbult@gmail.com

ingang / uitgang

Onthou asseblief dat die parkeerarea 'n spesifieke ingang en uitgang het. Ons kan maklik ongelukke voorkom deur hierdie padreëls na te kom. Bordjies en pyle is op die ryvlak aangebring om die rigting aan te dui.



Sustersafsluiting – 17 November

Dit is vanjaar ons gemeente se voorreg om die gesamenlike sustersafsluiting aan te bied. Ons maak solank die datum bekend sodat u dit in u dagboeke kan aanteken. Die afsluiting vind vanjaar op Dinsdag 17 November om 18:00 vir 18:30 plaas. Kom geniet 'n aand van musiek, sang en woordkuns! Skryf asseblief u naam op die lys in die portaal as u die geleentheid wil bywoon.

Wat is nuus by G5?

G5 Studiesentrum
26 Oktober – 14 November 2015

Ons gemeente het weer hierdie jaar die voorreg om die geboue wat die Here vir ons gegee het as studiesentrum te gee vir studente op die Bult. Eintlik wil ons nie net ons geboue gee nie. **Die geboue is slegs 'n manier om ons self te gee – mense kan immers nie met geboue verhoudings bou nie!** Kom wees daarom deel van die G5 Studiesentrum deur self daar te kom werk, of kom loer net bietjie in vir 'n koffie. Daar is 'n skietlys in die voorportaal en in die Koffiekamer.

G5 Afskopkamp – DORS

Waarna dors jy in die lewe? Dink jy jou dors sal ooit in hierdie lewe geles kan word?
Kom skop 2016 af saam met die G5 Studente! Hierdie kamp is vir alle studente: bring gerus jou vriende – ook nuwe eerstejaars is welkom.
Wanneer: 5-8 Januarie 2016
Waar: Manzini Game Lodge, ± 15km buite Potch.
Koste: R550 – sluit vervoer, verblyf, etes en t-hemp in.
Navrae: Benette 079 516 6369 of Willem 082 854 3587
Inskrywingsvorm op G5 Facebook-blad of stuur 'n boodskap aan g5studente@gmail.com

Waar staan dit in ons kerke met betrekking tot die hantering van die saak van die vrou in die besondere dienste?

Daar bestaan by lidmate onduidelikheid oor die hantering van die saak van die vrou in die besondere dienste nadat daar in Januarie die jaar besluit is om 'n VERKLEINDE SPESIALE SINODE op die been te bring waarna die saak verwys is.
Na die besluit om so 'n nuwe vergadering te skep om die saak te behandel en af te handel het daar vanuit die kerkverband (ons kerkraad het ook beswaar gemaak) spontaan reaksie gekom dat die wyse van hantering nie volgens die beginsels van ons kerkorde is nie. 'n Klein groepie – 4 predikante en 4 ouderlinge uit elke streeksinode – sal dan die saak deurpraat en 'n besluit daaroor neem en dit aan die kerke kommunikeer.
Op die versoek van drie Streeksinodes is daar nou 'n BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE vir Januarie 2016 byeen geroep om beswaarskrifte teen die besluit van die Algemene Sinode in 2015 te hanteer.
Die Buitengewone Algemene Sinode sal net een agendapunt hê en dit is die hantering van die beswaarkrifte.

- Indien die beswaarskrifte nie slaag nie, sal die Spesiale Sinode volgens die besluit van die Algemene Sinode 2015 byeengeroep word om die sake met betrekking die vrou in die dienste te bespreek en af te handel.
- Indien die beswaarskrifte slaag sal al die onafgehandelde stukke met betrekking tot die vrou in die kerklike dienste op die sinode in Januarie 2016 hanteer moet word.
  - Die sinode sal self moet besluit hoe hulle die onafgehandelde sake met betrekking tot die vrou in die dienste sal hanteer.

Hopelik sal daar dus na Januarie duidelikheid kom oor hierdie saak wat vir lidmate en die kerke na altwee kante toe baie pyn besorg. Bid asb dat die Here ons sal lei om die saak in liefde en in waarheid op te los.

Promosieplegtigheid van die Teologiese Skool

Die Jaarlikse promosieplegtigheid van die Teologiese Skool vind vanjaar DV op 18 November vanaf 18:30 in die Kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Bult plaas.
Vir die personeel en die studente van die Teologiese Skool vorm hierdie geleentheid 'n hoogtepunt in ons jaarlikse aktiwiteite, om die volgende redes:

- Finalejaarstudente, wat hulle studies suksesvol voltooi het, ontvang hulle kandidaatsertifikate om by die Streeksinodes aan te meld vir eksaminering met die oog op beroepbaarstelling.
- Suksesvolle voorfinalejaarstudente ontvang preekkonsent waardeur hulle toestemming kry om hulle preekgawes op uitnodiging in gemeentes te oefen.
- Studente wat tot die volgende jare promoveer, word voorgestel.
- Die nuwe rektor en viserektore word bekendgestel.

Die studente en die personeel van die Teologiese Skool waardeer die teenwoordigheid van familie, vriende en belangstellendes van ons studente en kollegas, by dié geleentheid. Ter wille van die voorbereiding van die verversings, sal ons dit waardeer as u teen 10 November vir dr Susan Steyn (susan.steyn@nwu.ac.za / 018-2991846) sal laat weet of u beplan om die geleentheid by te woon.

Ds Willem met langverlof

Na vyf jaar in die bediening ontvang Ds Willem die voorreg om die jaar langverlof te hê. Hy gaan DV oor November en Desember 'n deel van die verlof neem en tydens die tweede kwartaal 'n ander deel van die drie maande. Die bedoeling van die verlof is dat hy genoeg sal rus en dat sy nerwe na die eerste skof van sy bedieningsloopbaan 'n bietjie sal kan herstel. Hy is egter ook van plan om met sy formele M Studies te begin. Ons gun hom en sy gesin die tyd van saamwees en rustiger wees.
Baie dankie vir julle hierwees en jou ywer en entoesiasme in die bediening. Ons is bevoorreg om jou as gawe in die gemeente te kan hê.

KALENDER 2016

Die Gemeente-Kalender vir volgende jaar word hierdie week gefinaliseer. Kontak asseblief die kerkkantoor teen moreoggend 10:00 as daar enige inligting is (bv. vergaderings van kommissies, ens.) wat hierin moet verskyn.

Gebedsgroepe

Tans is daar twee gebedsgroepe in die gemeente. Die groepe vergader op Donderdae 13:00-14:00 in die G5 Koffiekamer en Vrydae 08:00 aan huis van Fanie Coetzee. As jy ook wil betrokke raak kontak gerus vir Fanie Coetzee (Vrydag) 082-520-5168 of Jaco Lemmer (Donderdag) 083 610 2421.

Dit is saliger om te gee as om te ontvang

Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat Hy ons in staat gestel het om tydens Aardklop hier op die Bult te kon wees. Ons kon, as sy diensknegte as sy Rentmeester en verspreiders van sy gawes optree.
Die Kuierkombuis is hierdie jaar op 'n nuwe pad geplaas waarin ons die gemeenskap by die projek betrek het deurdat die Dienssentrum vir Bejaardes die voedselverskaffing gedoen het en vir hulle eie wins verkoop het. Die onderskeie afdelings van die Kuierkombuis is die jaar gedesentraliseer en elke afdeling het vir verskillend projekte fondse ingesamel. Ondanks 'n klompie groeipyne dink ons dat ons op die regte pad met die projek is.
Met dankbaarheid kan ons getuig dat die volgende vanuit die Kuierkombuis Gegee kon word.

PROJEK	FONDSE	BEDRAG
Koffiestoep	Trust volwasse gestremde	R 21000
Ontbyte	Diakonie en Reddersburg kinderhuis	R 11000
Parkering	Kas Teologiese studente	R 10000
Middagetes	Dienssentrum	R 33000
Werkskepping	Individue	R 11000
G5 G-week	Projekte tydens Aardklop	R 8000

Baie dankie aan almal wat op watter wyse ook betrokke was. Mag die vrug hiervan dank aan ons Hemelse Vader wees. Hy is die Gewer van alle goeie gawes.

Sonnige, 2 slaap, 2 badkamers en dubbelgarage huis met oopplan woon/eetkamer en klein tuin, te huur beskikbaar vanaf 1 Des 2015. Geleë in Steve Biko Str (Tom str), naby die Spar. Een van drie huisies agter 'n sekuriteitshek. Kontak Elizabeth by 0825627558.

KEURBOS GALERY (Oudeboordweg no 12a)
Die publieke galery is nou oop op weeksdae tussen 10.00 tot 12.00 en smiddae tussen 15.00 tot 17.00. Kunstenaars wie se werke uitgestal word is: Danie van Graan, Amanda Haagner, Denise Moolman, Elna Venter, Heilna du Plooy, Roy, Cronje Lemmer, Jean Lampen, Hendry Cordier, Hester Smit, Cobus Pretorius, Connie Pretorius en Annemarie Coetzee.
Kom kyk en geniet pragtige kunswerke in die unieke bosgalery!
Baie welkom. Annemarie Coetzee

Weet jy dalk van 'n huis / meenthuis wat te huur is? Ons is op soek na 'n nuwe blyplek (minstens 2 slaapkamers en verkieslik 'n tuintjie) om van einde November of einde Desember te huur. Kontak Fransa Vorster by 076-391-7578 of fransa@colourcode.co.za

VAN JESUS GEPRAAT deur Willemien van Heyningen. 'n Bundel van 23 sketse/vertellings uit die evangelies, aangevul met bybelstudievrae en 'n omvattende inligtingsbylaag wat kaarte insluit. Deur prof Jaap Helberg aanbeveel vir vermeerdering van kennis, leesgenot, innerlike verryking en bybelstudie. Tot 30 November 2015 beskikbaar teen R100 by die skrywer (083 560 6730 / willyvh@rsystems.co.za) of die kerkkantoor.
Pamfletjies in die voorportaal.

Charles Williams se plantjies is nou ook beskikbaar by Easy Pets & Plants te Hoffmanstr 109. Skakel gerus vir Charles (079-167-5567) vir enige navrae.

Vir kunsklasse of raamwerk kontak Celia Kruger by 074-180-3449.

DIE HONDESALON ... op– en aflaai
Lea 072-713-0745

Gert de Beer - Mesmaker. Maak messe, skêre en ander snygoed skerp. R10 per item (ten bate van die diakonie) Tel: 073-603-5035

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skriba: Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Anja Viljoen: 082-053-9246
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: George Lotter: 083-284-7599
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124
Preekbegeleiding: Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Ans Geertsema: 073-192-8976
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Susters: Hanlie Steyn: 083-654-8652
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Ben de Klerk: 072-183-1083
Venterskroon Diensgroep: Gerrit Pienaar: 079-527-2079
Finansiële kommissie: Lou van Wyk: 084-520-1086
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG